WEL EN WEE VAN DIE MILITêRE VETERANE : BERIG 02/2020
29/02/2020

WEE VAN DIE VETERANE

1. Afsterwe van Bertie Botha van die Kavallerie

Fred Rindel van die Kavallerie verwittig met leedwese " dat Bertie op 13/02/2020 oorlede is. Volgens die webblad van die Pantserbond het die Gedenkdiens op 21/02/2020 by die Shelanti Kapel in Jeanlaan, Centurion plaasgevind. Die Militêre Veterane het na afloop van diens as 'n erewag by die ingang van die Kapel opgestel.

2. Afsterwe van Andy Malan van die Seiners en Afd Musea van die SAW

Gerrit Murphy van die Seiners verwittig met leedwese "…dat Andy op 25/02/2020 oorlede is, na 'n hartaanval terwyl hy gaan draf het en is toe in 1 Mil Hosp opgeneem. Die begrafnis gaan om 11:00 op Maandag 02/03/2020 vanuit die NG Gemeente Lyttelton-Noord te Monumentstraat 213 in Lyttelton plaasvind. Andy se vrou, Miems, se selno is 082 701 8778".

3. Afsterwe van Crafford van Schalkwyk van Leërinligting

Crafford se familie het met leedwese van Crafford se afsterwe verwittig en genoem dat die gedenkdiens op 29/02/2020 by die NG Gemeente Wierdapark-Suid plaasgevind het. Craffie se vrou, Mari, se selno is 082 450 7106.

4. Passing of HF (Henk) Mulder of Army Intelligence

Hein Mulder advises with regret "… of the peaceful passing of my Dad due to Alzheimers at Huis Luckhoff in Rosebank, Cape Town, on 07/02/2020. He served in Army Intelligence from 1960 to 1981 and his last post was as IO at Clanwilliam Comdo".

5. Afsterwe van Sarie : Eggenote van Basjan Van Niekerk van die SWAGM

* Gert van Niekerk van die Geskut noem dat Basjan hom "… met leedwese daarvan in kennis gestel het dat Sarie op 29/01/2020, na 'n jarelange stryd teen kanker, aan huis in Hentiesbaai oorlede is. Sy was deur Basjan en haar kinders versorg. Afgesien van 'n moederlike nalatenskap het sy en Basjan 'n unieke tuin van gekleurde woestynklippe en vetplante vanuit die omliggende Namibwoestyn rondom hulle woning tot stand gebring. Sarie was 'n geliefde kindertuin-onderwyseres. Sommige van haar leerlinge, wat vandag self bejaardes is, het haar gereeld kom besoek. 'n Gedenkdiens is op 05/02/2020 in die NG Gemeente Hentiesbaai gehou. Basjan kan geskakel word by selno 00 264 64 500 496 en sy e-posadres is basjan@iway.na".

* Sarel du Plessis van die Infanterie verklaar dat hy "…met leedwese kennis geneem het van die afsterwe van Sarie. Basjan se telefoonnommer in die huis te Hentiesbaai is +264-8182 53638".

7. Begrafnis van Chris Wehrmann van die Infanterie en Komops

Johann du Preez van die SAWV rapporteer "… dat 'n gedenkdiens vir Chris op 31/01/2020 by die Lewende Woord Gemeente in Clubview plaasgevind het".

8. Terugslag vir Attie Keeve van die Infanterie

Attie het op 05/01/2020 asemnood ontwikkel en is die volgende dag by Unitas Hospitaal vir behandeling van infeksie van 'n hartklep en 'n spier in die bobeen en water op die longe opgeneem. Attie is later na die Zuid-Afrikaanse Hospitaal in Pretoria oorgeplaas om daar 'n vervanging van die hartklep te ondergaan. Die operasie is reeds twee keer uitgestel sodat die infeksie eers kan opklaar. Attie word tans in Intensief behandel. Estelle se selno is 083 447 2214.

HULDEBLYKE AAN ANDY MALAN VAN DIE SEINERS

9. Gerrit Murphy van die Seiners

“Andy was na sy studies by die SA Mil Akad by die SASK ingedeel het onder andere as bevelvoerder van die EO Troep op Rundu as deel van Op Brush gedien en sodoende sy bydrae tot die Grensoorlog gelewer. Sy rol daarna om die SAW se militêre gekiedenis uit te bou is hoog op prys gestel. Andy het oor 'n baie aangename persoonlikheid beskik en ons sal hom nooit vergeet nie”.

10. Jannie Malan : Voorsitter van die SAWV

“Hiermee versoek ek 'n oomblik se stilte vir Andy, nadat hy na 'n kort siekbed oorlede is”.

12. Jaco Steenberg van die SAWV

‘Hierdie veteraan-historikus is op 25/02/2020 oorlede. Ons salueer en groet 'n uitstaande offisier. Simpatie en sterkte aan familie’’.

13. Wilhelm Steyn

“Andy, ek wou dan nog so graag dat jy vir ons weer van die Slag van Bloedrivier vertel. Jy het 'n meesterlike vertelling by ons Verwoerdburg Geloftefees aangebied en die gehoor het aan jou lippe gehang. Rus in Vrede”.

14. Danie Naude

“Dit is hartseer. Ek sal jou praatjie oor die Slag van Bloedrivier en demonstrasie met die ou voorlaaier, om God se wonderwerk te bewys, nooit vergeet nie. Rus in Vrede”.

PERSOONLIKE BOODSKAPPE

15. Paul Els van die Seiners

“Ek word skoon hartseer as ek lees van al ons Veterane wat oorlede is. Dit is maar seker die verloop van die lewe”.

16. Johan Jooste of the Infantry

“After seven years with SA National Parks, I am now appointed on a three-year contract by the Peace Park Foundation (PPF) and will be seconded to the Department of Environment, Fisheries and Forests (DEFF) as Head of Special Projects. At DEFF I will be responsible for the management of a multi - facetted national as well as a regional program to combat wild life crime and corruption. I will also remain the specialist advisor to the CEO of SA National Parks. My e-mail address is johan.jooste@sanparks.org”.

17. Willie Jordaan van die Burgermag

Johan van Wyngaard van Leërinligting noem dat Botha Marais van Leërinligting hom ingelig het dat hy onlangs met Willie kontak gehad het. Willie was Bev Gp 4 in Noupoort en later in Graaff Reinette toe die Groep soontoe geskuif is. Willie boer nou naby Venterstad en is die Vader van die sanger, Theuns Jordaan. Dit gaan goed met Willie maar die Tannie is baie siek en kan tans omtrent net haar oë beweeg. Sy het al die jare as ‘n burgerlike by HK Gp 4 gewerk. Willie se selno is 079 209 9163”.

18. Piet Heyns van die SWAGM se Genie

“Die Nuusbrief is ‘n inisiatief wat ‘n betekenisvolle bydrae tot die kameraderie van al die lede maak. Oorlog is ‘n lelike ding en daar was nare ondervindings, maar daar was ook baie goeie dinge waarop mens trots kan wees, asook mooi herinneringe en bevrediging dat die gemeenskaplike doelwitte vir ‘n goeie saak bereik is. Dit het die huidige stand vir alle

Namibiërs moontlik gemaak, maar daar is ook ‘n element van teleurstelling met die bestuur van sake deur beide van ons lande se regerings ná die goeie begin in beide gevalle.

Vir my as militêre ingenieur, is dit siek om te sien dat ons nuwe militêre vragmotors wat hier in Windhoek rondry, ‘n linkerhandstuur het. Wonder hoe lyk die spesifikasies wat die generaals vir ander toerusting voorskryf. Hulle dink seker dat ons eendag teen Angola oorlog moet maak, dan is dit beter om ‘n linkerhandstuur te hê!

Die paar oud-lede van die SWAGM wat nog belangstel, kom een maal per jaar bymekaar om lekker te gesels en saam te eet, soos ons op 29/01/2019 by die Windhoek Officers’ Club (die vorige Polisieklub) bymekaargekom het. Afstande is groot, maar party manne en hul gades het van die meer afgeleë dorpe gery en sommer van die geleentheid gebruik gemaak om sake in Windhoek te doen. Ons getalle is ook besig om te verminder en Piet Lossen is in Okt 2019 oorlede. Ons dank ook aan Isa Leach wat, soos vorige jare, die geleentheid georganiseer het. Hierdie beriggie is net om te wys dat daar hierdie kant nog ‘n bietjie lewe is!”

19. Faan Vorster van die Infanterie is Besig en Vrugbaar

Pieter Swart van die Infanterie rapporteer dat hy “… onlangs by Lang Faan Vorster in Centurion besoek afgelê het. Dit gaan goed met Faan en hy noem dat hy nou die trotse bewaker van 30 kleinkinders en 19 agter-kleinkinders is. Wat gehelp het is dat Faan se huwelik met ‘n weduwee met ses kinders was. Faan ly aan Parkinson se Siekte maar is steeds mobiel”.

20. Genl Kenneth van der Spuy van die SALM

Louis Coetzee van die Lugafweer noem “… dat wyle genl van der Spuy op 94 jarige ouderdom die eregas was met die 100ste herdenking van die bestaan van die Wynberg Offisiersmenasie en het 'n aangrypende toespraak sonder 'n enkele nota gelewer. Ons was almal bevoorreg om teenwoordig te wees en was diep onder die indruk gebring van die spore wat hy reeds voor WO1 in ons Weermag getrap het. Hy was een van die eerste 10 vlieëniers wat gekeur was om deur die Royal Flying Corps (RFC) van Engeland opgelei te word en was daarna lid van die eerste vliegskool wat deur die regering gestig is Hy het ook as deel van die RFC aan WO1 deelgeneem”.

21. Benodig Detail oor Militêre Loopbaan

Jaco du Plessis van die Infanterie verklaar dat hy ‘n “…beroerte-aanval gehad het wat my geheue verswak en is nou medies ongeskik verklaar. Ek leef tans baie in my verlede en omdat ek my dae in die SAW baie geniet het, wil ek almal probeer onthou wie saam my gedien het. Eintlik is dit al wat ek deesdae doen om my besig te hou.

Ek was vanaf 07/02/1987 by 8 SAI Bn op Upington en is daarna na 54 Bn verplaas waar ek te Okalonga, Oshakati, Ondangwa en in Angola diens gedoen het. Op 19/12/1988 het ek uitgeklaar en het verder in Bethlehem Komdo gedien.

Dit sal waardeer word indien ek van enige verdere detail oor my verlede in die SAW voorsien kan word. My selno is 083 635 8692 en e-posadres is bjvdp1@gmail.com”.



MILITêRE AANGELEENTHEDE

22. <u>Happy Birthday to Our Comrades in Blue!</u>

23. <u>Veels Geluk met ‘n Volle 100</u>. Aan al ons Blou Makkers. Mag julle vir altyd in formasie vlieg.

24. <u>Pantser-tragedie in Kaapstad</u>

A P Stemmet van die Kavallerie sê hy “… het met moord in die hart van die volgende berig in Die Burger van 31/01/2010 kennis geneem. Wasgoed op 'n Eland 90!? Dit is mos nou werklik heiligskennis”.

'Pantser-wasgoed' nié geduld

DB 31.1.2020

Malherbe Nienaber

Die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag (SANW) het gister bevestig dat hy interne stappe gaan doen teen lede wat wasgoed teen 'n pantservoertuig op 'n militêre basis in Kaapstad opgehang het.

Foto's van die klere wat aan 'n lyn hang wat aan 'n Eland 90-pantservoertuig se loop vasgebind is, is Maandag op sosiale media gedeel.

Die SANW het by navraag aangedui dat hy eers Woensdag daarvan bewus geraak het toe die media die foto's aan hom verskaf het "omdat dit nie 'n operasionele kwessie is nie".

"Ons het vasgestel dit het by die Cape Town Highlanders-regiment in Goodwood gebeur, waar ou en nie-operasionele museumvoertuie geparkeer is.

"Die SANW wil benadruk dit is nie 'n normale praktyk in die weermag nie. Die betrokke lede is gewaarsku en dit sal met interne prosesse hanteer word."

Die skrywer Tobie Wiese het Maandagoggend die foto's van "Wasdag in vredestyd" op sy Facebook-blad gedeel. "Het die ou SAW die komedie voorsien deur hulle *Noddy Cars* te noem?" lui sy inskrywing.

'n Lyn met wasgoed wat aan die loop van 'n pantservoertuig gehang is op 'n militêre basis in Kaapstad.

25. Identifikasie van Afgetrede Lede

Barry Gildenhuys van C 160 faam was nog altyd gatvol vir die gebruik van die woord 'afgetree' (aft) na 'n lid se naam en "… wil graag verneem wat kenners ons oor protokol, etiket en historiese gebruik oor die gebruik van die term 'aft' na die naam en rang van 'n afgetrede lid kan vertel. As ons konsekwent wil wees, stel u voor hoe die volgende sin sou klink: 'Genl Jan Smuts (aft) het tydens die ABO goed oor die weg gekom met genl Christiaan de Wet (aft), maar het soms koppe gestamp met genl de la Rey (aft)' óf is daar met verloop van tyd 'n periode waarna die gebruik van 'aft' verval? Die afgetredene behou mos die rang, so waarom is dit nodig om sy sosiale status te definieer?"

26. Prof Deon Fourie of the Cavalry Provides Comment. Herewith a report that I wrote a while back on this subject:

* A SADF Bulletin published in 1997, stated the following:

"Officers, who have retired from the SADF after holding permanent commissions, may retain the use of their rank after they had retired from the service, but must append the appellation 'Rtd' whenever the rank is used.

* The *Defence Act, 2002*, as previous Acts, contains a clause which permits an officer to continue in the rank after retirement from the Defence Force. Is it wrong to place the word 'Retired' or the abbreviation (Rtd) (as changed by *Def Act, 2002*) after a retired officer's rank or name? The gist of this instruction is that officers do not retire from their Commissioned Rank, although they may be deprived of rank when they are cashiered. It is unnecessary to use the term in general. Only if an officer's name is used in certain official documents, or the officer intervenes in public affairs, in politics or writes a compromising letter to the newspapers, then it is advisable to show that he no longer holds an official appointment

although he retains his or her commission. Unfortunately the drafter of this Section of the Defence Act, 2002 was unaware of the contents of the Bulletin of 1997.

27. Islamic State (IS) May be Controlling Jihadist Insurgency in Mozambique

* In the previous Newsletter mention was made of an article in the Daily Maverick of 10/01/2020, which noted that Mozambican soldiers in the Northern Cabo Delgado Province had been attacked by a local jihadist group, Ahlu Sunnah Wal Jammah (ASWJ). There have been around 350 such incidents since the suspected insurgency by this local jihadist group, which has launched attacks on police and military bases since Oct 2017.

***** Die bekende skrywer, Al J Venter, het ook ‘n lywige artikel in Rapport onder die opskrif *Russe op SA Drumpel* gepubliseer, waarin beskryf word dat Russiese huursoldate tans in ’n verlore stryd met militante Islamitiese vegters in Noord-Mosambiek gewikkel is. ’n Islamitiese terreurgroep met sterk bande met Al-Kaïda is in ’n afgeleë uithoek van Suidelike Afrika gevestig en Mosambiek word nou vir die derde keer die afgelope halfeeu deur ’n burgeroorlog in die gesig gestaar. Hierdie goed georganiseerde Islamitiese groep met noue bande met Somalië se Al-Sjabaab en kan die stabiliteit van die hele subkontinent bedreig.

Nadat Mosambiek die RSA se hulp van die hand gewys het, is na Rusland gewend om die insypeling onder bedwang te bring. ‘n Russiese privaatmag wat besit word deur ’n protégé van pres Wladimir Poetin, het in Sep 2019 in die gebied ontplooi en hulle basis is kort daarna deur die Soennitiese djihadistiese groep aangeval. Die Russe is tussen 200 en 300 man sterk en het goeie lugondersteuning in die vorm van Mi-17 en Mi-24-aanvalshelikopters en hulpmiddels soos hommeltuie. Tog het dié moderne wapens en hul uitgebreide militêre ondervinding in plekke soos Sirië, Libië en die Sentraal-Afrikaanse Republiek die Russe niks gehelp nie. Nadat hulle self in ’n paar hinderlae gelei is, waarin bykans ’n dosyn van hulle gesneuwel het, het die groep nou na hulle HK in Nacala in Noord-Mosambiek teruggeval. Die sterkte en vermoëns van hulle guerrilla-teenstanders is sleg onderskat, want die terreurgroepe is reeds goed ingegrawe en het die Mosambiekse Weermag se aanvalle op hulle basisse met goed voorbereide hinderlae en teenaanvalle afgeslaan. Hierdie foto van die Russe het by die artikel verskyn.

28. New Hypersonic Weapons

Hypersonic weapons can travel at five times the speed of sound (Mach 5 and faster), covering vast distances in minutes. They fall into two categories, namely boost glide and scramjet. The photo on the right illustrates the missile of the future:

29. The USN's first Triton Unmanned Aircraft Systems (UAS)

Arné reports in his MN that the USN's first MQ-4C Triton UAS has been organized as Unmanned Patrol Squadron (VUP) 19, which will initially operate and maintain two aircraft as part of an early capability to further develop the concept of operating a high-altitude, long-endurance system in the maritime domain. The Triton will conduct intelligence, surveillance and reconnaissance missions that will complement the P-8A Poseidon and will bring increased persistence, capability, and capacity through its multi-sensor mission payload. Northrop Grumman will deliver the Triton through a program with the USN which has expressed a need for 70 aircraft.

30. The Brits Playing Catch-up after Brexit

Naval power has always played a critical role in the way great powers interact. The decades leading up to the outbreak of WW1 saw an unprecedented competition between the UK and German Empire, with much of the emphasis placed on Dreadnought battleships echoing a similar, albeit smaller, naval arms race presently gathering steam between the US and China. Brittain has sought to re-establish itself as true carrier focused naval power, culminating in the commissioning of the HMS Queen Elizabeth and HMS Prince of Wales aircraft carriers, which form a key component of the major restructuring of British foreign policy. They believe that the UK could now become a 'true global player' following Brexit, stepping into a leadership role in an increasingly troubled world. The photo shows an F-35B on the flight deck of HMS Queen Elizabeth.

31. Canada Plans to Recruit More Men

Arne reports in his MN that the Canadian Armed Forces is considering new recruiting initiatives to attract more men to the ranks. An important element of the plan is to shorten and tighten the uniform skirts worn by the women in its ranks. The issuing of more stylish shoes will also hopefully attract more women to join the military**.**

TOEKOMSTIGE OORLOë

32. NTR.

MILITêRE MEDIESE VERSORGING

33. Kommer oor die Stand van Mediese Sorg

Basie Broekman van die Infanterie en die Mariniers noen dat hy '… tans 'n Lugvaartspesialis in die Sekerheidsbedryf is, maar diep bekommerd is oor die verswakking van die mediese diens wat die Militêre Veterane ontvang. Ek glo dat die stand van mediese sorg by die militêre hospitale en meer spesifiek die gebrek aan operasieteaters 'n bron van kommer vir al ons begunstigdes van die SMMVF is. Die uitkontraktering van mediese sorg na privaathospitale het 'n erge impak op ons Fonds se reserwes, wat 'n nadelige effek op die lewensvatbaarheid daarvan het.

My voorstel is dat borge gewerf word om die militêre mediese fasiliteite ten volle op te gradeer. Om dit te bewerkstellig moet 'n kundige werkgroep saamgestel word om die moontlikheid te ondersoek. As 'n eerste stap moet bepaal word of die gedagte al voorheen nagevors is. Reaksie sal op my e-posadres by cwbroekman@gmail.com waardeer word".

34. Frustrasie met Swak Mediese Diens

Hercules du Plessis van Personeel noem vanuit Vaalwater dat "… dit bykans onmoontlik is om met die meeste afdelings by 1 Mil Hosp kontak te maak, want telefoonoproepe word eenvoudig nie geantwoord nie. Na talle telefoniese pogings om 'n afspraak te maak (ek kan tog nie 300km ry om dit te doen nie!) noem die Sekretaresse van BG 1 Mil Hosp aan my dat hulle as algemene beleid nie oproepe voor 13:00 beantwoord nie. My ondervinding is egter dat die Klinieke ook nie na 13:00 hulle telefone antwoord nie. Ek verneem van ander Veterane dat almal dieselfde ervaar en ek meen dat 'n totaal onaanvaarbare situasie nou bestaan. Ek wil graag glo dat die BG en sy bevelskader moontlik nie hiervan bewus is, want geen bevelvoerder behoort soiets te duld nie. Ek is oortuig dat iets wesentlik verkeerd is maar ek voel ons moet hulp aanbied al is dit dalk ongevraagd! Wat kan ons iets doen om die situasie reg te stel?"

FUNCTIONING OF THE MEDICAL CONTINUATION FUND (RFMCF)

35. NTR.

EIETYDSE MILITêRE GESKIEDENIS

36. Eeufeesviering en Slag van Wynberg se Offisiersmenasie. Louis Coetzee van die Lugafweer het 'n omvattende verslag verskaf oor die gebeure in 1986 toe die 100 jarige bestaan van die Offisiersmenasie gevier is. Die volledige verslag is waarskynlik van geskiedkundige waarde maar moes ongelukkig vir doeleiendes van die Nuusbrief verkort word, maar is op aanvraag beskikbaar. Louis, wat die PMK was, vertel soos volg:

“Die vorige aand se formele dinee vir die vorige Bevs Kmdmt WP is die volgende aand met 'n vlagstrykingsparade en die onthulling van 'n Duitse veldkanon wat in WO1 in Duits-SWA ontplooi was en wat aan die SAV vir restourasie oorhandig was. Die Vloot het wondere verrig met die pragtige kanon waarop die wapen van Koning Wilhelm 11 van Pruise op die loop gegraveer was. Die werkswinkel kon egter nie die ou stuitstuk los kry nie en die onsierlike gleuf is verbloem deur 'n staalplaat voor die gleuf te monteer. Ons eregas was ‘n vorige Bev Kmdmt WP, Brig Helm Roos van die Geskut.

Die vorige dag is 'n volledige inoefening gehou waartydens die ou kanon met 'n pirotegniese lading in die mond van die loop afgevuur is. Alles het vlot verloop, maar onwetend vir ons het die SAV se plofwapendeskundige besluit dat die knal nie hard genoeg is nie en het vir die geleentheid ‘n sterker lading tot teen die sluitstuk afgedruk.

Na afloop van die Vlagstryking het die afkondiger die ou Veterane en dames gewaarsku dat daar 'n slag van die kanon gaan wees, waarna brig Thinus de Jager as Bev Kmdmt WP vir brig Roos na die kanon vir die seremoniële onthulling begelei het om die skoot elektries af te vuur. Met die druk van die skakelaar was daar 'n oorverdowende slag met vlamme en rook wat by die gleuf uitborrel en brig Roos wat terugsteier! Die plaat wat die gleuf bedek het woer-woer deur die lug getrek en kort voor die Veterane in die gras vasgesteek! Brig Roos was deur die slag verblind, sy bril se lense was wit van die plofstof se neerslag en daar was gate in die regter mou van sy uniform gebrand. Met 'n druppel bloed wat nog aan sy neus hang was sy eerste woorde dat “…I think I am wounded" en sy vrou wat langs my sit sê "… I knew we could not trust the bloody Germans!" Brig Roos het voortgegaan en 'n treffende toespraak gelewer wat begin het met "… The guns, thank God for the guns"

Brig Roos het die gebeurtenis in goeie gees aanvaar en is by 2 Mil Hosp vir oppervlakkige skroei aan die vel behandel en was hy vir 'n rukkie lig sensitief. Kdoor Chris Bennet was as Bev Vlootbasis Simonstad as gas teenwoordig en het later as 'n blyk van verskoning aan brig Roos 'n miniatuur kanon, van die een wat hy onthul het, oorhandig. Die miniatuur kanon het hy later saam met die geskroeide uniform aan die menasie geskenk waar dit in die privaatkroeg in die kelder se vertoonkas bewaar was, tot dit waarskynlik saam met die menasie in die brand in vernietig is”.

Nota. Louis se berig oor genl Kenneth van der Spuy van die SALM se toespraak die vorige aand verskyn by par 20. Louis se storie oor gebeure die aand na die Slag van Wynberg verskyn in die volgende Nuusbrief

37. Die Laaste Blink Generaals

Hierdie saamgestelde foto van die generaals op H SAW-vlak het in Hennie Heymans se uitstekende Nongqai van Jan 2020 verskyn. Die fotos van die weermagsdele sal in hieropvolgende Nuusbriewe verskyn.

NUWE MILITêRE BOEKE

38. *Composite Warfare*

This book by Eeben Barlow of Executive Outcomes presents African soldiers and scholars with a true African ‘Art of War’. This book is intended as a guide and textbook for African soldiers and scholars who wish to understand the development of hostilities, strategy, operational design, doctrine and tactics. It also illustrates the importance of non-partisanship and the mission and role of the armed forces. It covers the role of government along with operations related to war, operations other than war and intelligence operations and how these operations, operating in a coordinated and unified manner, can secure and strengthen a government. Order from https://www.warbooks.co.za/collections/15-sale for R450.



39. *Ovamboland en die Kaokoveld*

Paul Els verklaar dat "...hierdie boek deur Lukas de Waal in twee volumes binnekort net deur bestelling by hom beskikbaar sal wees. Volg die voetspore van die pioniers en hulle geskiedenis vanaf 1850 tot SWA se onafhanklikheid in 1990. Dit behels 'n epiese tog deur die geskiedenis van die verlede tot in die meer resente tye van die bosoorlog, waartydens die burgerlike amptenare agter die skerms hulle onbaatsugtige bydraes gelewer het. Die boek bevat honderde fotos wat nog nooit gepubliseer is nie. Navrae kan aan Lukas op lukasdewaal183@gmail.com vir meer besonderhede gestuur word".



PAUL ELS SE BOEKE

40. *Suid van die Rooilyn*

"Vanaf begin Feb 2020 het ek aan hierdie boek begin werk. My versoek is dat ek asseblief so gou as moontlik persoonlike stories en fotos kry oor ons makkers se
tydperk in hierdie gebied, wat alles Suid van die Etoshapanne insluit. Daar is reeds 60 bladsye van die boek beskikbaar. Daar is ongelooflik min stories en feite op die Net beskikbaar en daar moet op ons lede se bydraes staatgemaak word. Die geskiedenis van die eenhede in die gebied is baie belangrik. Ek was nie self daar betrokke nie en versoek ook asseblief dat 'n vrywilliger wat die area goed ken saam met my aan die boek werk. Tyd is min want ek werk ook nog aan ander mense se boeke. Die ouderdom begin my ook inhaal".

WELSYNSWERK

41. Hulp aan die Boere in die Noord-Kaap

In die vorige Nuusbrief het Tony Dippenaar van Cela versoek dat die Veterane Radio sonder Grense se projek het in samewerking met NG Gemeentes in die Noord-Kaap ondersteun om ‘n mate van verligting te bring.

42. Hulp deur die Parabats

Paul Els van die Pretoria Canopy noem dat die Parabats reeds begin het om die boere in die Noord-Kaap boere met voer en ander hulp te ondersteun.

ALGEMENE ASPEKTE

43. Memorabilia

* Agtergrond

In die vorige Nuusbrief het Koos Pretorius van die ADK vertel dat hy verskeie oudhede van sy oorlede skoonpa, lt-genl Hennie Kotze van Logistiek, ge-erf het. Deel daarvan is die lanyard en mes wat op die foto onder verskyn en hy probeer om die oorsprong van die twee items te bepaal.

* John Redfern of Int Div

“I believe the spike on the knife shown in the photo with the item below was used by the British Army for removing stones from horse's hoofs”.

44. Winning the War Against the Poachers

Johan Jooste of the Infantry is the Head of Special Projects of the SA National Parks Board and provides the following encouraging news about Rhino losses:

PROVINCES AND NATIONAL PARKS	2018	2019
SANParks	422	328
Gauteng	2	5
Limpopo	40	45
Mpumalanga	51	34
North West	65	32
Eastern Cape	19	2
Free State	16	11
Northern Cape	12	4
Kwa-Zulu Natal	142	133
Western Cape	0	0
Total	**769**	**594**

45. Stand van ons Gemeenskap

Dreyer van der Merwe is ‘n praktiserende prokureur en verklaar “… dat terwyl die regering dreig om ons pensioenfonds se geld te vat, moet ons meer druk op ESKOM en die staat plaas om meer effektiewe invorderings by stadsrade en wanbetalers te doen, terwyl korrupsie en kostes beperk word. Daar is derduisende wie groot inkomste het en in weelde lewe, maar nie hulle munisipale rekeninge betaal nie. Ek sien dit daagliks in hofstukke. Dan dring hulle boonop aan op toelaes vanaf SASSA vir hulle kinders en maak bedrieglike verklarings om dit te bekom. Die belastingbetalers weet net nie daarvan nie. Ek vang hulle uit in siviele sake en sake oor onderhoud, egskeiding en gesinsgeweld, dan is hulle baie kwaad en skree vinnig ‘racist’ as die hof se klerk opdrag kry om SASSA in kennis te stel. Die reg word as die vyand beskou”.

46. Die Corona-epidemie

* CJ (Borries) Bornman van Spes Magte het ‘n verslag gestuur wat daarop dui dat daar reeds in Okt 2015 gevalle van die Corona-virus in Jordanië in die Midde-Ooste voorgekom het. Medici het dit as die Midde-Ooste Asemhalingsindroom Corona-virus geklassifiseer.

* Die verslag is aan Tony Dippenaar van Cela voorgelê, wie verklaar “… dat ‘Corona’ na ‘n breë groep virusse verwys wat almal aan dieselfde familie behoort, maar eintlik aparte spesies is, soos wat ‘hond’ na ‘n breë familie verwys en Doberman na ‘n spesifieke spesie. Die huidige epidemie is nuut en nie dieselfde as wat voorheen in onder andere die Midde-Ooste verskyn het nie. Die siektebeeld is baie dieselfde, maar het ook ooreenkoms met vele ander respiratoriese toestande. Die oordrag is essensieel van persoon tot persoon, presies soos ‘n verkoue. Dit lyk asof die sterftesyfer van die huidige epidemie op om en by 2-2.5% beloop, as ons die Chinese syfers op gesigswaarde aanvaar. Daar is wel allerhande aantuigings dat China onder andere die uitbraak verdoesel, maar ek dink dat die Chinese die uitbraak redelik goed hanteer, maar ek is nie ‘n Epidemioloog nie”.

47. Heavily Laden Container Ship

The photo shows the Container Ship Maersk Tema departing from Durban in Jun 2018. The main purpose is to show the landlubbers like me what a container ship looks like.

48. Vehicle Theft Scam Alert

Deon Potgieter of the Signals Division of the MOTHS in the Southern Cape advises "… of a new scam to steal vehicles. A person posing as an employee of a vehicle manufacturer or dealership calls the vehicle owner to say that there is a recall and that it is not safe to drive the vehicle. The scammer can verify the vehicle owner's details and knows when and where the vehicle was bought. The vehicle owner is advised that a towing service will be arranged to collect the vehicle and is provided with the name of the towing service which later collects the vehicle. The vehicle is moved to its end destination (often across the border) and the vehicle owner only later realises that the vehicle has been stolen. This is a professional scam so always call the vehicle manufacturer or dealership back on their landline to verify the authenticity of the recall".

49. Issue of Feb 2020 of Military Despatches

Robbie Roberts is the Chairman of the Signals Association and advises that the new issue of Matt Tennyson's excellent Military Despatches is available on the Net.

50. Newsletter of the Naval Officers' Association of Southern Africa

Angel states that the Newsletter for Feb 2019 is available and can be requested from the Secretary, John Lamont, at glentyne@yebo.co.za.

NUUS OOR DIE VETERANE-ORGANISASIES

51. Inleiding

Hierdie groephoof is geskep met die spesifieke doel om aan die Veterane-organisasies 'n forum te bied waar hulle die breër Veterane-gemeenskap oor hulle onderskeie aktiwiteite kan inlig. Maak gerus gebruik daarvan en insette sal waardeer word.

52. NTR.

ASPECTS CONCERNING OUR PENSION FUND (GEPF)

53. Waarskuwing deur As Kleynhans en AP Stemmet van AMAGP

* AMAGP wil aan al die Pensionarisse benadruk dat na die President se verklaring in die Parlement is die bedreiging allermins afgeweer en dat ons pensioenfonds in die regering se visiere sal bly solank as wat ons nog geld oor het. GEPF lede is effe onseker oor AMAGP se rol in die stryd om die volhoubaarheid van ons pensioenfonds te verseker en daarom moet ons dit duidelik stel dat ons sal veg vir elke GEPF lid se pensioenfonds wat vir ons 'n mandaat gee in die vorm van AMAGP lidmaatskap.

* AMAGP weerlê Media24 koerante se persepsie dat die staatsdienspensioen na die president se SONA-toespraak veilig is. Lede van die pensioenfonds kan gerus kennis neem dat die bedreiging nog glad nie afgeweer is nie en dat AMAGP se stryd voortduur en op alle fronte verskerp sal word. Ons verteenwoordigers het onder andere op 19/02/2020 die Parlementêre Staande Komitee oor Finansies se sitting bygewoon om ons saak daar te bevorder. Die uitbreiding van AMAGP se ledetal is nou eers dringend noodsaaklik om ons saak te versterk.

54. Die Verslag van die Mpati-kommissie

AP Stemmet verklaar dat die Kommissie van Ondersoek na die Openbare Beleggingskorporasie (OBK) op 15/02/2019 'n voorlopige verslag aan die president oor die funksionering van die OBK, as die beleggingsagent van die ons GEPF, oorhandig het. Die president sou die verslag en die regering se besluite daaroor reeds in Jan 2020 uitreik. Die gesloer is onaanvaarbaar en gee aanleiding tot spekulasie. Om verdere spekulasie kinderstories te voorkom, is dit is noodsaaklik dat die verslag nou vrygestel word.

55. Ope Brief aan die President. Albert se brief hieronder het op 13/02/2020 in die Beeld verskyn:

'n Ope brief aan pres. Ramaphosa

Albert van Driel, adjunkvoorsitter: AMAGP

Geagte pres. Ramaphosa

AMAGP, die waghondvereniging oor staatspensioene, maak hiermee ten sterkste beswaar dat u deur die regerende alliansie en Business Unity South Africa, onder aanvoering van Cosatu (laasgenoemde met geen mandaat), voorgeskryf word om 'n verdere R254 miljard van die staatsdienspensioenfonds (GEPF) te misbruik om Eskom se skuldposisie te verlig.

Afgesien van 19% van GEPF-geld wat reeds in soewereine staatseffekte belê is, het die fonds reeds nagenoeg 10% van sy geld belê in effekte van staatsbeheerde ondernemings, veral Eskom. Elke R180 miljard verteenwoordig 10% van GEPF-geld, derhalwe is nagenoeg R530 miljard van GEPF-geld reeds in staatseffekte belê.

Daar bestaan baie beperkte waarborge op dié beleggings, byvoorbeeld 67,8% op Eskom-effekte, asook 'n 100%-waarborg op Trans-Caledon-effekte. Met 'n regering wat 'n skuldlas van 65% van die BBP ervaar, blyk dit bestaande en toekomstige waarborge deur die staat is nie haalbaar nie. Nog minder sal die staat die waarborge teenoor die staatsdienswerkers, pensioentrekkers en begunstigdes van pensioenvoordele kan nakom. Die nare ervaring van derduisende Transnet-werknemers sedert 20 jaar gelede en duur hofsake om geregtigheid te laat geskied, rus nog baie swaar op die gemoedere.

Voorts is die Mpati-kommissie se verslag oor beweringe van onbehoorlike optrede by die Openbare Beleggingskorporasie, wat reeds twee maande gelede ingedien is, nog nie in die openbaar uitgereik nie.

Ons beskou die terughouding van die verslag as 'n groot risiko, wat intussen onregmatige geleenthede vir die voorstanders van die verdere plundering van die GEPF toegelaat het.

Die publiek en openbare instellings sou dan duidelik kon sien dat Cosatu se voorstelle lynreg indruis teen die bevindings en aanbevelings van die kommissie.

Beste wense vir u staatsrede.

56. New Issue of the GEPF Monitor

The new issue is now available and can be read on our website at www.amagp.co.za, or can be requested from the e-mail address at amagp.sek@gmail.com.

57. Nuwe Voorkoms van AMAGP se Blad op FaceBook

As Kleynhans van die Lugafweer verwittig "…dat AMAGP se blad op FaceBook 'n gedaanteverwisseling ondergaan het. Dit het 'n nuwe gesiggie en die naam is nou GEPF WATCHDOG/WAGHOND. Die nuwe voorkoms trek aandag en ons ledetal op Facebook binne drie dae met meer as 1000 gegroei, wat talle lede van die SAP en ander staatsdepartemente insluit".

SOEKTOGTE

58. Waar is Sktr PJ (Peet) Viviers van die Infanterie

Gert Coetzee noem "… dat Peet in 1980 by die Transportseksie in Suiderhofbasis in Windhoek gestasioneer was. Hy was van Welkom afkomstig en 'n lid van die Jul 1979 inname. Ek wil graag met hom kontak maak en hulp sal op my e-posadres by ghjcoetzee@accassa.co.za waardeer word".

GELEENTHEDE, FUNKSIES EN KURSUS- EN ANDER RE-UNIES

59. Infanteriste is Plesierig

John Lizamore verwittig dat "…die volgende hinderlaag van die SA Infanterie-vereniging vanaf 11:30 vir 12:00 op Saterdag 21/03/2019 by die Bronberg Landgoed sal plaasvind. Bespreek bywoning asseblief met Johann Boshoff by selno 082 928 7085 of op jcbtynw@absamail.co.za. Ete is Ala Carte, u bestel vanaf die spyskaart en betaal self. Drank is by die kontantkroeg beskikbaar. Bring gerus u vrou saam om die dag saam met ons te geniet.

60. SAMIVA Memorial Service

A successful Memorial Service was held at sunrise on Sunday 09/02/2020 at Fort Klapperkop and was attended by foreign Military Attaches and representatives of a number of other Military Veterans' Organizations. The photo was taken after the service, showing some of the SAMIVA veterans that attended. The Chairman, Charles Laubscher, a previous Sergeant Major of the SA Army, is standing in the centre of the front rank.

61. Function for Veterans of Op Savannah in Boksburg

Basil Duke-Norris calls "… on the Savannah warriors to come together at a Veterans and friends get-together from 12:00 on Saturday 21/03/2020 at the Adventure Country Pub at 20 Madeley Road in Boksbutg. Live music, braai packs, braai fires and good company on offer. Contact Peter at 082 893 8357. Veterans of all arms and friends are welcome".

62. SAWV se Maandelikse Ontbyt

Ben Greyling is die Voorsitter van die SAWV se tak in Pretoria-Oos en verwittig dat "…die volgende ete om 09:00 op Saterdag 07/03/2020 in die Bronberg-restaurant op die hoek van Graham- en Boschkopstrate in Boschkop gaan plaasvind. Koste is R80 per persoon, terwyl prof Anna-Marie van Wyk as gasspreker sal optree om oor die RSA se kernwapenprogram te praat. Kontak my asseblief op greyling@sawv.co.za of op selno 083 534 3924".

63. Annual General Meeting (AGM) of SAMIVA 2020

Mike Huxtable is the Secretary of SAMIVA and advises that the AGM will be held at the Intelligence Museum in Colesburg at 08:30 on 21/03/2020 and all members are invited to attend. The only post open for election is that of the Vice-Chairman and the call for nominations is hereby opened. The rest of the current members of the executive will continue within the scope of their two-year appointment as elected in 2019. Please contact me on my e-mail address at samiva.sec@gmail.com for further detail".

ADMINISTRASIE

64. Nuwe Lede. Later

NETWORKING

65. Verlies aan Uitrusting

Johan Swanepoel van Leërinligting noem "…dat met die onlangse erge vloede hier in Centurion het my sabel en al die aanverwante leerkonneksies lank onder die water en gepaardgaande modder beland en met die uitdroog het al die Sam Brown se verbindingstukke kliphard en bros geword en versplinter. Die skede is ook daarmee heen en

die sabel pas nie meer daarin nie. Weet iemand miskien waar of by wie ek van hierdie uitrusting kan aankoop sodat ek my weer volledig kan toerus. My e-posadres is swanepoel24.js@gmail.com".

66. Heuning vir die Veterane

Die byeboer, Henk Redelinghuys van Leërinligting, rapporteer dat "… die byeboerwa kreun onder die vrag en veral vir die Veterane in Centurion en omliggende areas beskikbaar is. Henk noem dat die bye hulle kant gebring het en dat hy met die Here se genade 'n goeie heuningoes gehad het. Die van julle wat nie alreeds by my koop nie, kan my gerus kontak. Ek boer met heuning vir 'n stokperdjie, maar is baie trots op my suiwer rou heuning en ander produkte soos die volgende wat hulle self verkoop:

Heuning 500g - R60
Multiflora - R65
Bolandfynbos - R70

Ek maak ook geskenke met byewasbalm vir troues, verjaarsdae, funksies vir verwagtende dames en nog vele meer. My selno is 083 659 1574 en e-posadres is henk.bloubul@gmail.com".

67. Waar is Sktr P. Viviers?

Gert Coetzee noem dat hy "… op soek is na Peet Viviers (wie se voorletters moontlik PJ is) wat in 1980 by die Transportpark in die basis by Suiderhof in Windhoek gestasioneer was. Hy was van Welkom afkomstig en was deel van die Jul 1979 inname. My e-posadres is ghjcoetzee@accassa.co.za".

LAASTE LAWWE (EN SOMS ERNSTIGE) STUKKE

68. Food for Thought

* You cannot control what you cannot patrol - Defence analyst Helmoed Heitman

* A nation that fails to honour its heroes, will soon have no heroes to honour – Winston Churchill

69. Secret to a Happy Life. According to Michael Jordaan, previous CEO of FNB, it is the following:

* Something to do
* Someone to love
* Something to look forward to

70. Fearing the Metro Police

Johann Biermann states that he "… cannot understand why people drive 100km/h in a 100km/h zone and then reduce their speed to 80km/h when they see a speed camera! It is not like you get bonus points for driving slower".

71. Swaar Reën op die Plaas. Gehoor by SAMIVA se Sonopkomsgedenkdiens by Fort Klapperkop, waar 'n lid van SAMIVA 'n voltydse boer is en die geleentheid gebruik het om sake in Pretoria te doen. Hiertydens lui sy selfoon en die volgende gesprek vind met sy voorman plaas:

Jafta : Oubaas moet huistoe kom, want hier is moeilikheid.

Boer : Wat is verkeerd Jafta?

Jafta : Oubaas, die koei sit vas in die dam.

Boer : Jafa, ons het nie ‘n dam op die plaas nie.

Jafta : Oubaas moet kom kyk. Ons het nou ‘n dam op die plaas.

73. Deadly Hobby

Tanya Power is the widow of the late Norman Power of Spec Forces and has provided this warning to all who frustrate her:



SLOT

59. And on that fatal note, geniet die nuwe week en maand.

Johann

VRYWARINGSKLOUSULE

60. Hierdie Nuusbrief bevat die uiteenlopende en diverse persoonlike menings van Militêre Veterane en die Opsteller van die Nuusbrief kan nie in sy persoonlike hoedanigheid daarvoor verantwoordelik of aanspreeklik gehou word nie.